*Woensdag* **5 Februarie**

**Skrifgedeelte: Eksodus 15:1-21 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Eksodus 15:1–2**

**Wanneer die lewe druk, onthou: God is my krag en beskerming, die Een wat tot my redding kom**

Die lewe plaas soms geweldige druk op ’n mens: daar is die druk by die werk, die druk van verwagtings, die druk om te presteer, die druk van finansies, die druk van eksamens en oorvol skoolprogramme, ’n geliefde is ernstig siek. Soms raak die druk te veel en wil jy daaronder swig. Dan die troos: Wanneer die lewe druk, is God ons krag en beskerming, die Een wat tot ons redding kom. Dis die kern van vers 1 en 2. ’n Loflied waarin God se verhewendheid besing word, maar ook ’n belydenis waarin die sanger erken dat God sy krag en beskerming is. Hierdie loflied is gesing na aanleiding van die volk wat onder groot druk verkeer het. Israel het Egipte verlaat ... voor hulle: die Rietsee ... agter hulle: die naderende Egiptenare ... Die nood druk. Dan kom die HERE en red sy volk op wonderbaarlike wyse. Perd en strydwa word in die see geslinger (vs 1).
Dis die genade: Ons hoef hierdie druk nie alleen te hanteer nie. Ons kan daarmee na die HERE gaan. Jesus het immers self druk ervaar, sodat Hy die kan help wat onder druk verkeer. So het Hy byvoorbeeld aan die kruis die druk van menslike vyandigheid en verwerping ervaar, die druk van versoeking, die druk van liggaamlike pyn en lyding, die druk van eensaamheid en verlatenheid, die druk van die dood. Dit sodat Hy kan sê “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is (ook almal wat die druk van die lewe ervaar) en Ek sal julle rus gee.” Hiermee saam, die Heilige Gees wat ons die innerlike krag en versterking gee om die druk te kan hanteer en verwerk. So, wanneer die lewe weer druk, onthou: God is my krag en beskerming, die Een wat tot my redding sal kom. En wanneer die redding kom, loof en prys Hom daarvoor!

*Sing: Psalm 107-1:1, 10*

*Ds. PC (Nelius) van Rooy (Elandskraal)*